*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**

**Oorsee 15c Overseas**

**POSVRY—POST FREE**

VOL. 81.] KAAPSTAD, 29 MAART 1972. CAPE TOWN, 29TH MARCH, 1972. [No. 3431.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 482. 29 Maart 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 20 van 1972: Wet op die Afskaffing van die Bantoe-onderwysrekening, 1972.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 482. 29th March, 1972.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 20 of 1972: Bantu Education Account Abolition Act, 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# WET

**Om die Bantoe-onderwysrekening af te skaf en om artikel 20 van die Skatkis- en Ouditwet, 1956, te herroep; om sekere gelde wat deur die Bantoe-onderwysrekening aan die Leningsrekening verskuldig is, af te skryf; om die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966, die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1969, en die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971, te wysig ten einde alternatiewe voorsiening te maak vir die finansiering van dienste waarmee die Bantoe-onderwysrekening belas is, en om voorsiening te maak vir die inbetaling van sekere gelde in die Gekonsolideerde Inkomstefonds; om die Bantoetrust en -grond Wet, 1936, te wysig ten einde voorsiening te maak dat 'n sekere gedeelte van die algemene Bantoebelasting in die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds gestort word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 23 *Maart* 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Afskaffing van Bantoe-onderwysrekening en herroeping van artikel 20 van Wet 23 van 1956, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 81 van 1957, artikel 41 van Wet 45 van 1959, artikel 39 van Wet 64 van 1959, artikel 14 van Wet 83 van 1963, artikel 4 van Wet 42 van 1966 en artikel 8 van Wet 44 van 1970.

**1.** (1) Die Bantoe-onderwysrekening in artikel 20 van die Skatkis- en Ouditwet, 1956 (Wet No. 23 van 1956), bedoel, word hierby afgeskaf.

(2) Die gelde wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1972 tot die kredit van bedoelde rekening staan, word in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort.

(3) 'n Beskikbaarstelling ten laste van die Bantoe-onderwysrekening in die Gedeeltelike Begrotingswet, 1972, ten opsigte van die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1973 eindig, word geag 'n beskikbaarstelling ten laste van die Inkomsterekening vir daardie boekjaar te wees.

(4) Die uitstaande lening van tienmiljoen eenhonderd negeen-sestigduisend en een rand en vier-en-negentig sent en die voorskot van twee-en-twintigmiljoen vierhonderd agt-en-tagtigduisend en tagtig rand en nege-en-sestig sent wat deur bedoelde rekening aan die Leningsrekening verskuldig is, word hierby afgeskryf.

(5) Vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet gaan alle verpligtings wat voor bedoelde datum aangegaan is en wat, indien hierdie Wet nie in werking getree het nie, na daardie datum 'n las teen die Bantoe-onderwysrekening sou uitgemaak het, oor op die Gekonsolideerde Inkomstefonds en word sodanige verpligtings geag 'n las teen bedoelde fonds te wees.

(6) Artikel 20 van die Skatkis- en Ouditwet, 1956, word hierby herroep.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To abolish the Bantu Education Account and to repeal section 20 of the Exchequer and Audit Act, 1956; to write off certain moneys owing to the Loan Account by the Bantu Education Account; to amend the Extension of University Education Act, 1959, the Government non-White Employees Pensions Act, 1966, the University of Fort Hare Act, 1969, the University of Zululand Act, 1969, the University of the North Act, 1969, the Pension Laws Amendment Act, 1969, and the Bantu Authorities' Service Pensions Act, 1971, so as to make alternative provision for the financing of services with which the Bantu Education Account is charged, and to make provision for the payment of certain moneys into the Consolidated Revenue Fund; to amend the Bantu Trust and Land Act, 1936, so as to make provision for the payment of a certain portion of the general Bantu tax into the South African Bantu Trust Fund; and to make provision for matters incidental thereto.**

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)*
*(Assented to 23rd March,* 1972.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Abolition of the Bantu Education Account and repeal of section 20 of Act 23 of 1956, as amended by section 13 of Act 81 of 1957, section 41 of Act 45 of 1959, section 39 of Act 64 of 1959, section 14 of Act 83 of 1963, section 4 of Act 42 of 1966 and section 8 of Act 44 of 1970.

**1.** (1) The Bantu Education Account referred to in section 20 of the Exchequer and Audit Act, 1956 (Act No. 23 of 1956), is hereby abolished.

(2) The moneys standing to the credit of the said account on the thirty-first day of March, 1972, shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

(3) Any appropriation chargeable to the Bantu Education Account in the Part Appropriation Act, 1972, in respect of the financial year ending on the thirty-first day of March, 1973, shall be deemed to be an appropriation chargeable to the Revenue Account for the said year.

(4) The outstanding loan of ten million one hundred and sixty-nine thousand and one rand and ninety-four cents and the advance of twenty-two million four hundred and eighty-eight thousand and eighty rand and sixty-nine cents owing by the said account to the Loan Account, are hereby written off.

(5) As from the date of commencement of this Act all obligations which were incurred before the said date and which, if this Act had not come into operation, would have constituted a charge against the Bantu Education Account after that date, shall be transferred to the Consolidated Revenue Fund and such obligations shall be deemed to be a charge against the said Fund.

(6) Section 20 of the Exchequer and Audit Act, 1956, is hereby repealed.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wet No. 20, 1972** WET OP DIE AFSKAFFING VAN DIE BANTOE-ONDERWYSREKENING, 1972.

Wysiging van artikel 1 van Wet 45 van 1959.

**2.** Artikel 1 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby gewysig deur die omskrywing van „Bantoe-onderwysrekening" te skrap.

Vervanging van artikel 2 van Wet 45 van 1959, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 32 van 1960.

**3.** Artikel 2 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Instelling van universiteitskolleges vir Bantoe-persone.

**2.** (1) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde wat deur die Parlement vir dié doel bewillig word, universiteitskolleges vir Bantoe-persone—

(*a*) instel;

(*b*) in stand hou en bestuur

(2) Die instelling van so 'n universiteitskollege word by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak.

(3) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde wat deur die Parlement vir dié doel bewillig word, jaarliks sodanige bedrae aan die raad van so 'n universiteitskollege betaal as wat nodig is vir die uitvoering van sodanige werksaamhede as wat aan die raad deur of kragtens hierdie Wet toevertrou word en onderworpe aan die voorwaardes en op die grondslag wat deur die Minister bepaal word.".

Vervanging van artikel 18 van Wet 45 van 1959.

**4.** Artikel 18 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiële en ander bystand aan Bantoe-studente.

**18.** Die Minister kan uit gelde wat deur die Parlement vir dié doel bewillig word en onderworpe aan die voorwaardes wat in oorleg met die Minister van Finansies voorgeskryf word, aan enige Bantoestudent die finansiële of ander materiële hulp of sowel die finansiële as die ander materiële hulp verleen wat hy bepaal.".

Wysiging van artikel 27 van Wet 45 van 1959.

**5.** Artikel 27 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (4) te skrap.

Wysiging van artikel 34 van Wet 45 van 1959.

**6.** Artikel 34 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby gewysig deur paragraaf (*a*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) uit gelde wat deur die Parlement vir dié doel bewillig word, finansiële en ander reëlings tref, insluitende die aanstelling van tydelike of deeltydse personeel, vir die nagraadse opleiding van 'n Bantoestudent ook op 'n ander plek as by 'n universiteitskollege; en".

Wysiging van artikel 35 van Wet 45 van 1959.

**7.** Artikel 35 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 1 van Wet 42 van 1966, soos gewysig deur artikel 39 van Wet 67 van 1968 en artikel 15 van Wet 98 van 1969.

**8.** Artikel 1 van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966, word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „Bantoe-onderwysrekening" te skrap;

(*b*) deur die omskrywing van „Gekonsolideerde Inkomstefonds" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,Gekonsolideerde Inkomstefonds', met betrekking tot 'n betaling wat uit daardie fonds gemaak moet word, gelde wat vir die doeleindes van sodanige betaling deur die Parlement bewillig word;"; en

(*c*) deur paragraaf (*c*) van die omskrywing van „inkomste" te skrap.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**2.** Section 1 of the Extension of University Education Act, 1959, is hereby amended by the deletion of the definition of "Bantu Education Account". Amendment of section 1 of Act 45 of 1959.

**3.** The following section is hereby substituted for section 2 of the Extension of University Education Act, 1959: Substitution of section 2 of Act 45 of 1959, as amended by section 1 of Act 32 of 1960.

"Establishment of university colleges for Bantu persons.

**2.** (1) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose—

(*a*) establish;

(*b*) maintain and conduct,

university colleges for Bantu persons.

(2) The establishment of any such university college shall be notified by notice in the *Gazette*.

(3) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, pay to the council of such university college annually such amounts as are necessary for carrying out such functions as may be entrusted to it by or under this Act and subject to such conditions and on such basis as may be determined by the Minister.".

**4.** The following section is hereby substituted for section 18 of the Extension of University Education Act, 1959: Substitution of section 18 of Act 45 of 1959.

"Financial and other assistance to Bantu students.

**18.** The Minister may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose and subject to such conditions as may be prescribed in consultation with the Minister of Finance, grant to any Bantu student such financial or other material assistance or both such financial and such other material assistance as he may determine.".

**5.** Section 27 of the Extension of University Education Act, 1959, is hereby amended by the deletion of subsection (4). Amendment of section 27 of Act 45 of 1959.

**6.** Section 34 of the Extension of University Education Act, 1959, is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph: Amendment of section 34 of Act 45 of 1959.

"(*a*) out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, make financial and other arrangements, including the appointment of temporary or part-time staff for the post-graduate training of any Bantu student also at a place other than at a university college; and".

**7.** Section 35 of the Extension of University Education Act, 1959, is hereby amended by the deletion of subsection (2). Amendment of section 35 of Act 45 of 1959.

**8.** Section 1 of the Government non-White Employees Pensions Act, 1966, is hereby amended— Amendment of section 1 of Act 42 of 1966, as amended by section 39 of Act 67 of 1968 and section 15 of Act 98 of 1969.

(*a*) by the deletion of the definition of "Bantu Education Account";

(*b*) by the substitution for the definition of "Consolidated Revenue Fund" of the following definition:

"'Consolidated Revenue Fund', in relation to any payment to be made out of that Fund, means moneys appropriated by Parliament for the purpose of such payment;"; and

(*c*) by the deletion of paragraph (*c*) of the definition of "revenue".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Wysiging van artikel 16 van Wet 40 van 1969.

**9.** Artikel 16 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Vervanging van artikel 25 van Wet 40 van 1969.

**10.** Artikel 25 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiële en ander hulp aan studente.

**25.** Die Minister kan, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n student van die Universiteit die finansiële of ander materiële hulp verleen wat die Minister goedvind.".

Wysiging van artikel 26 van Wet 40 van 1969.

**11.** Artikel 26 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die raad moet die gedeelte van bedoelde gelde wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal.".

Vervanging van artikel 34 van Wet 40 van 1969.

**12.** Artikel 34 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiering.

**34.** Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies en onderworpe aan die voorwaardes en op die grondslag wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, uit gelde wat die Parlement vir dié doel bewillig, jaarliks bedrae aan die Universiteit toeken ten opsigte van die kapitaal- en normale wederkerende uitgawes wat nodig is vir die uitvoering deur die Universiteit van sy werksaamhede met inbegrip van navorsing.".

Wysiging van artikel 41 van Wet 40 van 1969.

**13.** Artikel 41 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Ondanks andersluidende wetsbepalings, bly die Staat aanspreeklik vir die betaling van 'n bydrae, jaargeld of gratifikasie vir die betaling waarvan hy aanspreeklik was ingevolge 'n wet of reëls met betrekking tot 'n voorsorgfonds of pensioenskema wat onmiddellik voor die bepaalde datum by die universiteitskollege van krag was.".

Wysiging van artikel 44 van Wet 40 van 1969.

**14.** Artikel 44 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Ondanks die herroeping van artikel 4*bis* van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare, 1959, bly die administrasie van die pensioenfonds bekend as die ,University College of Fort Hare Employees Pension Fund', en die regte en verpligtinge van enige voormalige raad van die universiteitskollege of 'n komitee of lede daarvan ingevolge die reëls van daardie pensioenfonds, berus by die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene en word uitgawes wat ingevolge genoemde reëls uit die inkomste van die universiteitskollege bestry sou moes geword het, bestry uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig.".

Wysiging van artikel 16 van Wet 43 van 1969.

**15.** Artikel 16 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Vervanging van artikel 25 van Wet 43 van 1969.

**16.** Artikel 25 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiële en ander hulp aan studente.

**25.** Die Minister kan, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n student van

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**9.** Section 16 of the University of Fort Hare Act, 1969, is hereby amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 16 of Act 40 of 1969.

**10.** The following section is hereby substituted for section 25 of the University of Fort Hare Act, 1969:

Substitution of section 25 of Act 40 of 1969.

"Financial and other assistance to students.

**25.** The Minister may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose and subject to such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, grant to a student of the University such financial or other material assistance as the Minister may deem fit.".

**11.** Section 26 of the University of Fort Hare Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Amendment of section 26 of Act 40 of 1969.

"(2) The council shall pay into the Consolidated Revenue Fund such part of the said fees as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.".

**12.** The following section is hereby substituted for section 34 of the University of Fort Hare Act, 1969:

Substitution of section 34 of Act 40 of 1969.

"Financing.

**34.** The Minister may in consultation with the Minister of Finance and subject to such conditions and on such basis as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, annually grant out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, amounts to the University in respect of such capital and normal recurrent expenditure as may be necessary for the fulfilment by the University of its functions, including research.".

**13.** Section 41 of the University of Fort Hare Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

Amendment of section 41 of Act 40 of 1969.

"(5) Notwithstanding the provisions of any other law, the State shall continue to be liable for the payment of any contribution, annuity or gratuity for the payment of which it was liable in terms of any law or rules relating to a provident fund or pension scheme which was or were of force and effect at the university college immediately prior to the fixed date.".

**14.** Section 44 of the University of Fort Hare Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Amendment of section 44 of Act 40 of 1969.

"(2) Notwithstanding the repeal of section 4*bis* of the University College of Fort Hare Transfer Act, 1959, the administration of the pension fund known as the University College of Fort Hare Employees Pension Fund, and the rights and obligations of any former council of the university college or a committee or members thereof in terms of the rules of that pension fund, shall be vested in the Secretary for Social Welfare and Pensions, and any expenditure which in terms of those rules would have been required to be defrayed out of the revenue of the university college shall be defrayed out of moneys appropriated by Parliament for the purpose.".

**15.** Section 16 of the University of Zululand Act, 1969, is hereby amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 16 of Act 43 of 1969.

**16.** The following section is hereby substituted for section 25 of the University of Zululand Act, 1969:

Substitution of section 25 of Act 43 of 1969.

"Financial and other assistance to students.

**25.** The Minister may, out of moneys appropriated by Parliement for the purpose and subject to such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, grant

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





die Universiteit die finansiële of ander materiële hulp verleen wat die Minister goedvind.".

Wysiging van artikel 26 van Wet 43 van 1969.

**17.** Artikel 26 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die raad moet die gedeelte van bedoelde gelde wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal.".

Vervanging van artikel 34 van Wet 43 van 1969.

**18.** Artikel 34 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiering. **34.** Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies en onderworpe aan die voorwaardes en op die grondslag wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, uit gelde wat die Parlement vir dié doel bewillig, jaarliks bedrae aan die Universiteit toeken ten opsigte van die kapitaal- en normale wederkerende uitgawes wat nodig is vir die uitvoering deur die Universiteit van sy werksaamhede, met inbegrip van navorsing.".

Wysiging van artikel 41 van Wet 43 van 1969.

**19.** Artikel 41 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Ondanks andersluidende wetsbepalings, bly die Staat aanspreeklik vir die betaling van 'n bydrae, jaargeld of gratifikasie vir die betaling waarvan hy aanspreeklik was ingevolge 'n wet of reëls met betrekking tot 'n voorsorgfonds of pensioenskema wat onmiddellik voor die bepaalde datum by die Universiteitskollege van krag was.".

Wysiging van artikel 16 van Wet 47 van 1969.

**20.** Artikel 16 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Vervanging van artikel 25 van Wet 47 van 1969.

**21.** Artikel 25 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiële en ander hulp aan studente. **25.** Die Minister kan, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n student van die Universiteit die finansiële of ander materiële hulp verleen wat die Minister goedvind.".

Wysiging van artikel 26 van Wet 47 van 1969.

**22.** Artikel 26 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die raad moet die gedeelte van bedoelde gelde wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal.".

Vervanging van artikel 34 van Wet 47 van 1969.

**23.** Artikel 34 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Finansiering. **34.** Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies en onderworpe aan die voorwaardes en op die grondslag wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, uit gelde wat die Parlement vir dié doel bewillig, jaarliks bedrae aan die Universiteit toeken ten opsigte van die kapitaal- en normale wederkerende uitgawes wat nodig is vir die uitvoering deur die Universiteit van sy werksaamhede met inbegrip van navorsing.".

Wysiging van artikel 41 van Wet 47 van 1969.

**24.** Artikel 41 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



to a student of the University such financial or other material assistance as the Minister may deem fit.".

17. Section 26 of the University of Zululand Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: Amendment of section 26 of Act 43 of 1969.

"(2) The council shall pay into the Consolidated Revenue Fund such part of the said fees as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.".

18. The following section is hereby substituted for section 34 of the University of Zululand Act, 1969: Substitution of section 34 of Act 43 of 1969.

"Financing. 34. The Minister may in consultation with the Minister of Finance and subject to such conditions, and on such basis, as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, annually grant, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, amounts to the University in respect of such capital and normal recurrent expenditure as may be necessary for the fulfilment by the University of its functions, including research.".

19. Section 41 of the University of Zululand Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection: Amendment of section 41 of Act 43 of 1969.

"(5) Notwithstanding the provisions of any other law, the State shall continue to be liable for the payment of any contribution, annuity or gratuity for the payment of which it was liable in terms of any law or rules relating to a provident fund or pension scheme which was or were of force and effect at the university college immediately prior to the fixed date.".

20. Section 16 of the University of the North Act, 1969, is hereby amended by the deletion of subsection (2). Amendment of section 16 of Act 47 of 1969.

21. The following section is hereby substituted for section 25 of the University of the North Act, 1969: Substitution of section 25 of Act 47 of 1969.

"Financial and other assistance to students. 25. The Minister may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose and subject to such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, grant to a student of the University such financial or other material assistance as the Minister may deem fit.".

22. Section 26 of the University of the North Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: Amendment of section 26 of Act 47 of 1969.

"(2) The council shall pay into the Consolidated Revenue Fund such part of the said fees as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.".

23. The following section is hereby substituted for section 34 of the University of the North Act, 1969: Substitution of section 34 of Act 47 of 1969.

"Financing. 34. The Minister may in consultation with the Minister of Finance and subject to such conditions, and on such basis, as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, annually grant, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, amounts to the University in respect of such capital and normal recurrent expenditure as may be necessary for the fulfilment by the University of its functions, including research.".

24. Section 41 of the University of the North Act, 1969, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection: Amendment of section 41 of Act 47 of 1969.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





„(5) Ondanks andersluidende wetsbepalings, bly die Staat aanspreeklik vir die betaling van 'n bydrae, jaargeld of gratifikasie vir die betaling waarvan hy aanspreeklik was ingevolge 'n wet of reëls met betrekking tot 'n voorsorgfonds of pensioenskema wat onmiddellik voor die bepaalde datum by die universiteitskollege van krag was.".

Wysiging van artikel 22 van Wet 98 van 1969, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 20 van 1970, artikel 14 van Wet 86 van 1970 en artikel 9 van Wet 93 van 1971.

**25.** Artikel 22 van die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1969, word hierby gewysig deur paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (5) deur die volgende paragrawe te vervang:

„(*a*) beteken ,inkomste'—
  (i) behoudens die bepalings van subparagraaf (ii) of (iii) inkomste soos omskryf in artikel 1 van die Regeringsdienspensioenwet, 1965;
  (ii) met betrekking tot iemand op wie subartikel (1) (*a*) (iv), (v), (vi) of (vii) betrekking het, gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig;
  (iii) met betrekking tot iemand wat 'n pensioen ontvang ingevolge 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966), inkomste soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf:

Met dien verstande dat by die toepassing van subartikels (1) (*c*) en (4) (*c*) ,inkomste', met betrekking tot iemand op wie subartikel (1) (*a*) (viii) betrekking het, geld deur die Parlement vir dié doel bewillig, beteken;

(*b*) beteken ,inkomstefonds' 'n fonds in die omskrywing van ,inkomste' in artikel 1 van die Regeringsdienspensioenwet, 1965, bedoel;

Wysiging van artikel 1 van Wet 6 van 1971.

**26.** Artikel 1 van die Wet op Pensioene vir Bantoe-owerheidsdiens, 1971, word hierby gewysig deur subparagrawe (i) en (ii) van paragraaf (*d*) van die omskrywing van „inkomste" deur die volgende subparagrawe te vervang:

„(i) ten opsigte van 'n tydperk van sodanige diens (as daar is) waarin sodanige lid of persoon in die diens van die Regering was, die Gekonsolideerde Inkomstefonds, die Poskantoorfonds, die provinsiale inkomstefonds van die betrokke provinsie of die Inkomstefonds van die gebied, na gelang van die geval;

(ii) ten opsigte van 'n tydperk van sodanige diens waarin sodanige lid of persoon as onderwyser in die diens wat bedoel word in paragraaf (*a*) van die omskrywing van ,nie-Blanke werknemer' in artikel 1 van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966), was, die Gekonsolideerde Inkomstefonds; en".

Wysiging van artikel 8 van Wet 18 van 1936, soos gewysig deur artikel 29 van Wet 56 van 1949 en artikel 49 van Wet 92 van 1969.

**27.** Artikel 8 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936, word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (*d*B) in te voeg:

„(*d*C) die gedeelte van die belasting betaalbaar deur Bantoes kragtens artikel 6 van die Wet op Bantoebelasting, 1969 (Wet No. 92 van 1969), wat nie kragtens die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet No. 48 van 1963), en die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet No. 21 van 1971), in die Inkomstefonds bedoel in artikel 51 van die Transkeise Grondwet, 1963, en artikel 6 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, van 'n gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering ingestel is, inbetaal word nie;".

Kort titel en inwerkingtreding.

**28.** Hierdie Wet heet die Wet op die Afskaffing van die Bantoe-onderwysrekening, 1972, en tree in werking op die eerste dag van April 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"(5) Notwithstanding the provisions of any other law, the State shall continue to be liable for the payment of any contribution, annuity or gratuity for the payment of which it was liable in terms of any law or rules relating to a provident fund or pension scheme which was or were of force and effect at the university college immediately prior to the fixed date.".

Amendment of section 22 of Act 98 of 1969, as amended by section 14 of Act 20 of 1970, section 14 of Act 86 of 1970 and section 9 of Act 93 of 1971.

**25.** Section 22 of the Pension Laws Amendment Act, 1969, is hereby amended by the substitution for paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (5) of the following paragraphs:

"(*a*) 'revenue' means—

(i) save as provided in subparagraph (ii) or (iii) revenue as defined in section 1 of the Government Service Pensions Act, 1965;

(ii) in relation to any person to whom subsection (1) (*a*) (iv), (v), (vi) or (vii) refers, moneys appropriated by Parliament for the purpose;

(iii) in relation to any person who is in receipt of a pension in terms of any regulation made under section 2 of the Government non-White Employees Pensions Act, 1966 (Act No. 42 of 1966), revenue as defined in section 1 of that Act:

Provided that for the purposes of subsections (1) (*c*) and (4) (*c*) revenue, in relation to any person to whom subsection (1) (*a*) (viii) refers means moneys appropriated by Parliament for the purpose;

(*b*) 'revenue fund' means a revenue fund referred to in the definition of 'revenue' in section 1 of the Government Service Pensions Act, 1965;".

Amendment of section 1 of Act 6 of 1971.

**26.** Section 1 of the Bantu Authorities' Service Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for subparagraphs (i) and (ii) of paragraph (*d*) of the definition of "revenue" of the following subparagraphs:

"(i) in respect of a period of such service (if any) in which such member or person was in the service of the Government, means the Consolidated Revenue Fund, the Post Office Fund, the provincial revenue fund of the province concerned or the Revenue Fund of the territory, as the case may be;

(ii) in respect of a period of such service in which such member or person was employed as a teacher in service referred to in paragraph (*a*) of the definition of 'non-White employee' in section 1 of the Government non-White Employees Pensions Act, 1966 (Act No. 42 of 1966), means the Consolidated Revenue Fund; and".

Amendment of section 8 of Act 18 of 1936, as amended by section 29 of Act 56 of 1949 and section 49 of Act 92 of 1969.

**27.** Section 8 of the Bantu Trust and Land Act, 1936, is hereby amended by the insertion after paragraph (*d*B) of the following paragraph:

"(*d*C) the portion of the tax payable by Bantu under section 6 of the Bantu Taxation Act, 1969 (Act No. 92 of 1969), which is not under the Transkei Constitution Act, 1963 (Act No. 48 of 1963), and the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971), paid into the Revenue Fund referred to in section 51 of the Transkei Constitution Act, 1963, and section 6 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971, of any territory for which a legislative assembly has been established;".

Short title and commencement.

**28.** This Act shall be called the Bantu Education Account Abolition Act, 1972, and shall come into operation on the first day of April, 1972.